# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (7/20)*

(Volg my op Twitter justchad_cga)
*Justin Chadwick 28 Februarie 2020*

***"We must consult our means rather than our wishes" George Washington***

## AGRI'S GOT TALENT (AGT)

Gedurende 2019 is CGA uitgenooi om 'n borg van AGT te wees. AGT is 'n inisiatief van HORTGRO, SATI, die Wes-Kaapse Departement van Landbou en VINPRO, en het van krag tot krag gegaan. As gevolg van die borgskap is sitruswerkers uitgenooi om klankgrepe van hul sang in 2019 in te stuur. In ons eerste jaar op die verhoog het sitrus die dag gewen, met Nonkhululeko Sambo wat met die eerste prys weggestap het.

AGT is nou op soek na deelnemers aan die 2020-byeenkoms. Inskrywings open op 2 Maart 2020. Kom ons kyk of ons twee sitruswenners in 'n ry kan maak. Inskrywing is baie maklik; WhatsApp 'n klankgreep van nie langer nie as drie minute na 082 372 1557 of e-pos na agrisgottalent@gmail.com – sluit in naam en van, geboortedatum, eie selnommer, plaasnaam / kelder / pakkamer, posbeskrywing, hoe lank jy al op die plaas / kelder / pakhuis werk en die naaste dorp/stad. Finaliste sal 'n week se opleiding in sangvaardighede, lewensvaardighede en verhoogopleiding in die Paarl ontvang; en tydens 'n galadinee sing. Besoek www.agrisgottalent.com of www.facebook.com/agrisgottalent of kontak Candice@citrusacademy.org.za vir meer inligting.

## DIE BEGROTINGSTOEPRAAK

Dinsdag het ek die ABSA Begrotingstoespraak werkswinkel bygewoon - met 'n sterk, kundige paneel (John Purchase, Tommie van Zyl, Langa Simela, Chris Yelland, Nimrod Zalk en Tobias Doyer) wat die aanbieding van die Minister ontleed het. Die volgende waarnemings:

- Voor die begrotingstoespraak het paneellede klem gelê op die behoefte om vertroue in Suid-Afrika op te bou.
- Daar is baie melding van Landbou in die begrotingsaanbieding gemaak; met 'n besondere hoogtepunt vir die uitvoer intensiewe vrugtebedryf- die toekenning aan DALRRD vir die verbetering van uitvoere van landboukommoditeite. Dit is gekoppel aan biosekuriteit - 'n ander noodsaaklikheid vir die vrugtebedrywe.
- Daar is nie melding gemaak van hulp aan Transnet nie - slegs die SAL en Eskom is genoem (ons kan almal saamstem dat die regruk van die energiesektor noodsaaklik vir die toekoms van Suid-Afrika is). Dit kan wees dat Transnet glo dat hulle die nodige beleggings deur hul balansstaat kan bewerkstellig.
- Nie seker oor hierdie obsessie met slim stede (en bullet trains) nie. Hierdie soort van lugkastele is die perfekte plek vir staatsplunderaars om hul werk voort te sit, en dra nie by tot die nodige ekonomiese groei nie.
- Die idee van 'n staatsbank is ook uiters kommerwekkend - alles wat die staat bestuur, was 'n ramp, en die Suid-Afrikaanse banksektor is 'n leier in die wêreld.
- Die rede vir 'n soewereine welvaartfonds was om 'fondse weg te sit gedurende die goeie tye - vir gebruik in die slegte tye'. Wel, raai wat - ons is in die slegte tye, so dis nie die regte tyd nie. Daar word beweer dat die geld sal kom van verskillende nie-belasting regeringsinkomstes - dit sal sekerlik beter wees om dit te bestee om die regering se skuld te verminder.
- Goeie nuus was die groot bedrag wat aan wetstoepassing en regeringsliggame spandeer moet word om sommige van die plunderaars van die staatskas agter tralies te kry. Dit sal die mees positiewe tekens vir gewone Suid-Afrikaners wees dat die regering ernstig is om korrupsie uit te roei.
- Die vraag is daar – het die regering genoeg gedoen om te keer dat die graderingsagentskap Suid-Afrika gaan afgradeer - en die bewys daarvan sal lê in of die regering die vermoë het om die plan te implementeer.